

NG Murray Aanlyn Erediens

Sondag 3 Januarie 2021

Goeie môre Gemeente

Ons het dit gemaak tot in 2021, en ek dink dis 'n nuwejaar wat daar lanklaas so na uitgesien is! En ja, ek weet alles is nie net skielik reg as die middernagklok van die 1^e slaan nie, maar daar is tog so 'n gevoel van: Dis nou weer tyd vir iets nuuts! En nee, ek bedoel nou nie 'n tweede lockdown soos ons nou het nie, natuurlik nie! Ons sien uit na 'n jaar wat, in baie mense se oë, net kan beter raak! Terwyl ons dan nou praat oor wat verby is en wat kom, kom ons begin dan vandag met twee vrae:

1. Hoe het jou beplanning vir die jaar gelyk op 3 Januarie 2020? Hoe lyk dit nou?

//

Natuurlik is dit 'n jaar waar ons 'n klomp goed deurgemaak het, en met die Here se genade is ons nog steeds hier. Deur die genade sal van ons kan sê dit gaan selfs beter as wat die vroeër die jaar het! Maar dalk voel jy dit nog nie. Dalk is jy nog besig om te herstel van COVID, of iemand naby jou is siek, of jy verwerk nog 'n verlies van iemand wat uit jou lewe uit is? Dalk is jy nog besig om iets te oorkom, te oorleef.

Natuurlik as ons vorentoe kyk, dan is daar ook heelwat goed wat ons kan opgewonde maak! 'n Nuwe oesjaar, wat hopelik sonder kwale sal voortgaan. 'n Inenting vir die siekte wat die wêreld so lamlê. Miskien is daar mense in jou familie wat troues beplan, en die heeltyd moes uitstel omdat mens nie byeenkomste mag hou nie, maar die planne is nog daar? Of dalk het laasjaar se oorseese vakansie oorgeskuif na die jaar toe, en nou kan julle uitsien met die hoop dat die grense darem al weer sal oop wees as daai dag kom. Dalk sien jy uit na 'n plek in die A-span, jou laaste jaar van skool, 'n graad vang, 'n nuwe werk, 'n nuwe verhouding of 'n nuwe kleinkind. Hoe dit ook al lyk, ons het goed wat ons sê: Dit sal die jaar 'n goeie jaar maak!

Want diep in ons wese, diep binne in wie ons is, wil ons baie graag glo ons kan 'n beter jaar hê, en ons beplan ook so!

Ons lees vandag iets hiervan in Psalm 147, so kom ons lees hom saam en bespreek met mekaar wat jy daarin raaklees, of as jy alleen is skryf jou gedagtes neer na elke teksgedeelte, en dan kan iemand open met 'n gebed as julle klaar is.

Lees Psalm 147

//

Hierdie psalm is een van verskeie Psalms wat bekend staan as die skeppingspsalms, en vir goeie rede. Dit praat baie oor die verskillende maniere hoe God beide die Skepper en Onderhouer is van die skepping. Saam met dit is dit ook een van die prys-psalms, die laaste 5 psalms in die Bybel, wat almal begin en eindig met "Halleluja", hoewel ons Afrikaanse Bybel dit net in ander woorde skryf ("Prys die Here", wat dieselfde beteken). En julle sou

dalk agter gekom het die Psalm is in 3 dele geskryf, wat almal met soortgelyke woorde begin. Vers 1 tot 6, vers 7 tot 11, en dan weer vers 12 tot 20.

So as ons dink oor hierdie psalm, dan moet ons beide van hierdie eienskappe in ons agterkop hou, maar dis eintlik in elke geval nie baie moeilik nie, omdat dit sulke sterk temas is in die psalm. Daar is egter ook 'n derde tema in hierdie psalm, en dis die verhouding wat God met sy volk het, en ons gaan na almal van die kyk.

So kom ons pak hom uit:

In die eerste deel van die Psalm is die skrywer besig om te praat oor twee verskillende goed wat God doen, naamlik om die heelal te maak in vers 4, en dan ook vir die hulpeloses en gebrokenes te sorg, verse 3 en 6. Die Almagtige God is in dieselfde asem besig om Sy ondenkbare mag en krag te gebruik om nuwe goed te skeep, en ook om om te gee vir die wat nie vir hulleself kan sorg nie.

Net hierin sien ons al klaar iets besonders oor die God wat ons aanbid, maar dan gaan die psalmskrywer verder in die tweede deel. Weer beskryf hy hoe God die magtige wolke en reën beheer, en dan selfs ook in die natuur sorg vir die gras en die jong kraaie, of baba kraatjies, soos Die Boodskap vertaling dit sê.

En in net 'n paar kort versies vertel die skrywer van 'n God wat al die mag het waaraan ons ooit kan dink, en nog meer! Daar is niks wat vir Hom te groot, te moeilik, te uitdagend is nie. En dan saam met dit skryf hy oor 'n God wat, in al sy mag, nog steeds nie vergeet van die mense wat swak is, die wat weggejaag is van hulle huis af, die wat eintlik maar stukkende mense is nie. Nee, Hy vergeet nie eers van die kleinste in die skepping nie, wat nog van mense!

So die psalmskrywer beskryf wie hierdie God is, en hoekom ons Hom moet aanbid, en dan vertel hy ook vir ons iets van hoe God se hart werk. In vers 10 sê hy: "Die Here het niks aan die krag van 'n perd of die liggaamskrag van 'n soldaat nie." Hierdie klink dalk vir ons vreemd, maar eintlik is hierdie 'n militêre verwysing. Want die Psalm gaan oor mag, en veral in die Bybelse tyd is dit hoe mense mag gemeet het. Hoe sterk is jou soldate, en hoe sterk is jou perde of jou ruitermag? Dis wat vir mense belangrik was, maar ons hoor hier dat die Here niks daaraan het nie. Die Boodskap vertaling stel dit so: "Die prestasies van 'n mens en die krag van 'n dier maak nie indruk op die Here nie. Die krag van bomme, die prestasies van geleerdes of die geheue van die slimmes beïndruk nie die Here nie." En dan kan ons nog hier byvoeg menslike skoonheid, menslike status of 'n bankrekening, daai goed gaan nie die Here beïndruk nie!

Hoor mooi wat hier gesê word! Dit sê nie die Here hou nie van die krag van 'n perd nie. Wie dink julle het die krag daar gesit? Natuurlik kom dit van die Here af! Maar dit beïndruk Hom nie. Hoe kan Hy beïndruk wees deur iets wat Hy self gemaak het, self oor beheer het?

Maar daar is wel iets wat die Here beïndruk, en dit is mense se vertrouwe op Hom. Vers 11 sê: "...maar Hy stel prys op dié wat Hom dien, dié wat hulle hoop vestig op Sy trou."

/

Die Here soek jou hart, Hy **wil** sorg vir jou! En Hy wil hê jy moet hom vertrou daarvoor! Die Boodskap sê: “Dit is die mense wat weet dat die Here hulle baie liefhet!”

Wow, dis iets om te weet, né?

/

Die psalmskrywer gaan dan verder, en vertel vir ons wat die Here al klaar gedoen het, in die derde deel van die Psalm. Hy het die sluitbalke sterk gemaak, die inwoners geseën, vir hulle vrede gegee en hulle die beste koring gegee om te eet. Met ander woorde, die Here het eintlik al klaar bewys dat Hy goed is, ook in die aardse dinge, maar Hy is nog meer as dit.

Vers 15 en 16 sê: “As Hy die aarde ’n bevel gee, word dit vinnig uitgevoer. Hy gee sneeu so wit soos wol, Hy strooi ryp uit soos as, Hy laat dit haelstene reën.” Ek hoef nie vir julle te verduidelik dat die goed, en veral die ryp en hael, nie lekker goed is nie. Israel was ook maar boere gewees, so ryp en hael en sneeu het nie vir hulle goeie dinge beteken nie, en dan kom die vraag: Wie is bestand teen die koue wat Hy stuur? Die ding is, meeste van ons kan dalk ’n bietjie koue oorleef in ons warm huise met die kaggels en die heaters, maar in daardie dae was dit nie noodwendig so nie. Dit was ’n regte bedreiging, nie net vir ’n oes nie, maar vir mense ook. Dalk sou ons kon vra: Wie is bestand teen ’n siekte, of ’n resessie, of iemand wat jou verrai?

Maar dan kom dit ook saam met die belofte van vers 18: “Maar op sy bevel smelt alles weer; as Hy die warm wind laat waai, dan loop die waters.” Ook nie eers die goed wat ons as sleg sien, is so sleg dat God nie dit ook in ’n kort oomblik weer kan verander in iets goeds nie. Niks is vir Hom te groot nie! Dis nie net wat God doen nie, dis ’n verduideliking van wie Hy is! Verse 19 en 20 sê dat God sy geskifte aan Israel bekend gemaak het, ons weet dat ons deur Jesus ook deel is van Sy nuwe volk, kinders van die Almagtige.

//

So wat maak ons hiervan? Ons staan aan die begin van ’n nuwe jaar, ons lees Psalm 147, maar hoe help dit ons? Wat maak ons daarmee?

Die eerste ding is baie eenvoudig: Prys die Here! Om die Here te prys is nie net ’n opdrag nie, maar dis ’n voorreg en ’n uitnodiging, want as ons die Here leer ken, dan kom prysing, *worship*, amper sonder dat ons dit kan keer! Dit borrel oor, soos ons ’n paar keer die laaste paar weke gehoor het. So as ons die nuwe jaar ingaan, doen dit met ’n loflied in jou hart en op jou lippe, maak nie saak of jy mooi sing of nie!

En dan saam met dit, vra vir jouself wie jy gaan vertrou? Ons het aan die begin gevra hoe jou beplanning laasjaar gelyk het en hoe dit nou lyk. En ons wil ’n klomp lekker goed beplan, en dis ook nie verkeerd nie, maar ek dink 2020 het ons geleer dat dinge in elk geval nie altyd uitwerk soos ons dit gehoop het nie. So eerder as om te veel op ons eie planne te vertrou, kom ons besef net van voor af wie ons eintlik moet vertrou:

Daar is net Een wat regtig in beheer is. Oor alles! Alles wat was, is en wat kom. En saam met dit is daar net Een wat regtig goed is, altyd goed! Sy liefde vir die groot en klein dingetjies, sy

omgee vir die sterkes en swakkes, sy getroueheid in goeie en slegte tye. Daar is net Een, en ek glo in Hom.

Ek weet nie hoe jy hierdie jaar ingaan nie. Dalk gaan jy met 'n goeie gemoed hom in, of dalk het jy, soos ek, nie 'n great begin tot die jaar nie, maar ek hoop dat jy saam met my sal kies om te sê: My plan vir 2021 is om nog meer op Hom te vertrou wat magtig is en goed is, en nog meer die Een te prys wat dit werklik verdien! Ons God, Vader, Seun, Heilige Gees.

Amen

Addisionele vrae:

- 1. Watter eienskap van God wil jy vandag prys/voor dankie sê?**
- 2. Hoe sal jou jaar se planne lyk as jy God daarvoor vertrou?**